

DIE BURGER WEER OP KOMMANDO: DIE 1914-STAKING AAN DIE RAND

René Geyer

*Departement Historiese en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria,
Pretoria, 0002*

The Burgher once again on commando: The 1914 strike on the Rand

In January 1914 a general industrial strike took place in the Union of South Africa. For the first time since its inception the Union Defence Forces would be used operationally to suppress the strike. The Permanent Force of the Union Defence Force was not yet ready to suppress the strike on its own and consequently the commandos of the Citizen Force reserve were commandeered for service. The Union Government relied on the support and participation of many of the ordinary men who had fought in commandos in the Anglo-Boer War to crush the strike. The traditional commando system of the former Boer Republics would thus briefly be revived during the 1914 strike. This article focuses on the experience and circumstances of the members of the commandos during deployment in January 1914 as it is an important aspect of social military historiography in South Africa. Topics such as mobilization, supplies, transport, discipline as well as demobilization and compensation, illuminate the experiences and circumstances of ordinary citizens on commando service during the strike.

Key words: Afrikaner; Commando; Military history; Operational action; Rebellion; Strike; Union Defence Forces

In Januarie 1914 het 'n algehele industriële staking in die Unie van Suid-Afrika uitbreek en die Unieverdedigingsmag sou vir die eerste keer sedert sy ontstaan operasioneel aangewend word om die staking te onderdruk. Die Staande Mag van die Unieverdedigingsmag was nog nie gereed om die staking op sy eie te onderdruk nie en gevolglik is die kommando's van die Burgermagreserwes vir diens opgekommandeer. Die Unieregering het gereken op baie van die gewone burgers wat in die Anglo-Boereoorlog in kommando's geveg het, se ondersteuning en deelname om die staking te onderdruk. Die tradisionele kommandostelsel van die voormalige Boererepublieke sou dus vlugtig met die 1914-staking herleef. Dié artikel fokus op die ervaringe en omstandighede van die kommandolede tydens ontplooiing in Januarie 1914, aangesien

dit 'n belangrike aspek van die sosiaal militêre geskiedskrywing in Suid-Afrika is. Onderwerpe soos mobilisasie, voorrade, vervoer, dissipline, asook demobilisasie en kompensasie werp dus lig op die ervarings en omstandighede van gewone burgers op kommandodiens tydens die staking.

Sleutelwoorde: Afrikaner; burger; kommando; militêre geskiedenis; operasionele optrede; Rebelle; staking; Unieverdedigingsmag

*Then de la rey [sic] rode into the Rand with his commando's.
The shadow of the burgher lay over Johannesburg.*¹

Inleiding

1914 sou een van die beduidendste jare in die eerste helfte van die twintigste eeu in die geskiedenis van die Afrikaner wees. Nie net sou die Afrikaner opgeroep word om 'n industriële staking te help onderdruk nie, maar sou baie van die burgers wat in Januarie 1914 by die onderdrukking van die staking betrokke was, aangespoor word om later die jaar tot rebellie oor te gaan teen die regering se besluit om Duits Suidwes-Afrika namens die Britse regering binne te val.²

In Januarie 1914 het 'n algehele nywerheidstaking in die Unie van Suid-Afrika plaasgevind. Dit was in wese 'n voorsetting van die 1913-staking en die stakers het bedoel om die belange van die wit werker verder te beskerm en te bevorder.³ Vir die eerste keer sedert die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) en nadat die Unie op 31 Mei 1910 tot stand gekom het, is krygswet in Suid-Afrika afgekondig, aangesien die staking met onluste gepaardgegaan het. Die jong Unieverdedigingsmag sou indertyd vir die eerste keer sedert die ontstaan daarvan in 1912, operasioneel aangewend word om dié staking te onderdruk en stabiliteit te bewerkstellig. Die Unieverdedigingsmag was verplig om die kommando's (skietverenigings)⁴ van die Aktiewe Burgermag ('n

¹ W.K. Hancock, *Smuts, the sanguine years, 1870-1919* (Cambridge, 1962), p. 368.

² F.A. Mouton, "A free, united South Africa under the Union Jack": F.S. Malan, South Africanism and the British Empire, 1895-1924, *Historia* 51(1), May 2006, pp. 40-41; Sien ook R. Geyer, *Die eerste operasionele optrede van die Unieverdedigingsmag, Januarie 1914* (M.H.C.S.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 2009).

³ W.A. Dorning, Kroniek van die SAW 1912-1987, *Militaria* 17(2), 1987, p. 27; J. Ploeger, Hoofstukke uit die voor- en vroeë geskiedenis van die SAW, *Militaria* 1(3), 1969, p. 48; H. Giliomee, *The Afrikaners, biography of a people* (Cape Town, 2003), p. 330; J. Hyslop, *The notorious syndicalist. J.T. Bain: a Scottish rebel in colonial South Africa* (Johannesburg, 2004), pp. 229-230.

⁴ Hoewel die lede van die skietverenigings amptelik as Aktiewe Burgermag Klas B-reserwes bekend gestaan het, is na hulle as kommando's in die algemene taal verwys. Vir die doeleindes van die studie sal na Klas B-reserwes as kommando's verwys word. Sien G. Tylden, *The armed forces of South Africa* (Johannesburg, 1954), p. 217 en F.J. Jacobs, Die geskiedenis van ons kommandomag, *Paratus* 24 (10), Oktober 1973, p. 9.

verlengstuk van die kommando's van die voormalige Boererepublieke) te ontplooi om die 1914-staking te onderdruk,⁵ aangesien die nuutgestigte Staande Mag (Julie 1913) nog nie behoorlik ingerig en georganiseer was om dié taak te verrig nie.⁶ Laasgenoemde gebreke was hoofsaaklik daaraan te wyte dat dit 'n ingewikkelde en tydrowende taak was om die uiteenlopende militêre tradisies van Boer en Brit binne die Unieverdedigingsmag te versoen.⁷ Die Unieregering het gereken op baie van die gewone burgers wat in die Anglo-Boereoorlog in kommando's gedien het, se ondersteuning en deelname om die staking te onderdruk. Die tradisionele kommandostelsel van die voormalige Boererepublieke sou dus vlugtig gedurende die 1914-staking herleef.

Dié artikel gee aandag aan die burgerkommando's se betrokkenheid in die 1914-staking en fokus spesifiek op die sosiale aspekte daarvan wat in die verlede deur die geskiedskrywing afgeskeep is. Daar word op spesifieke temas soos mobilisasie, voorrade, vervoer, dissipline, asook demobilisasie en kompensasie gefokus, aangesien dit lig werp op die ervaring en omstandighede van die gewone burger wat tydens die staking diens gedoen het.

Literatuur

Historici het in die verlede weinig aandag aan die burgers op kommando tydens die 1914-staking gegee en het hoofsaaklik op die politieke en ekonomiese aspekte van die staking gekonsentreer – dit sluit die konflik tussen die nywerhede en arbeiders,

⁵ N. Mandy, *A city divided: Johannesburg and Soweto* (Johannesburg, 1984), p. 39; A.G. Oberholster, *Die Randse Staking van 1922* (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1979), p. 37; J. Meintjes, *General Louis Botha: a biography* (Johannesburg, 1970), p. 203; C.J. Jacobs, *Die rol van die Unieverdedigingsmag in die onderdrukking van die nywerheidsnolste van Januarie 1914 met spesifieke verwysing na die gebeure in Johannesburg* (Honneursskripsie, Militêre Akademie Saldanha, 1988), p. 6; J. Ploeger, Hoofstukke uit die voor- en vroeë geskiedenis van die SAW (1969), pp. 48,68; J. Pietersen, *Stakings aan die Witwatersrand, 1913-1914* (M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1970), pp. 91-96; Nasionale Argief van Suid-Afrika (hierna NASA), SAP 10, 6/183/14/4: Threatened Strike, January 1914; NASA, PM 1/1/332, PM 200/1/1914 vol. 1: Railways, (general) alleged proposed retrenchment (strike); Anon, Martial Law declared at midnight, *The Transvaal Leader*, 1914-01-14; Anon, The crisis – general strike declared – Martial Law in force, *Rand Daily Mail*, 1914-01-14.

⁶ C.L. Grimbeek, *Die totstandkoming van die Unieverdedigingsmag, met spesifieke verwysing na die verdedigingswette van 1912 en 1922* (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1985), p. 150.

⁷ E.M. Meyers, Voorgeskiedenis tot die stigting van die Unieverdedigingsmag, *Militaria* 12(2), 1982, pp. 2-3; J. Ploeger, Op Brandwag – Drie eeue militêre geskiedenis van Suid-Afrika, *Militaria* 1(4), 1969, p. 4; G. Tylden, *The armed forces of South Africa* (1954), p. 216; K. Anderson & B.G. Simpkins (eds), *Rand Light Infantry* (Cape Town, 1965), p. 1; C.L. Grimbeek, *Die totstandkoming van die Unieverdedigingsmag* (1985), pp. 5, 66.

asook die vakbondwese in.⁸ Aandag is ook aan die suiwere militêre verloop van die staking gegee.⁹ Voorts is die primêre bronne oor die spesifieke onderwerp wat by die Departement van Verdediging se Dokumentasiesentrum oor die onderwerp beskikbaar is, nog nie deeglik ontgin en deurgewerk nie. 'n Behoefte bestaan dus om die vroeë geskiedenis van die Unieverdedigingsmag en spesifiek sy betrokkenheid by die 1914-staking in diepte na te vors en op skrif te stel.

Die 1914-staking en die aanwending van die kommando's om dit te onderdruk, word deur die meeste navorsers in hulle studies afgeskeep, verkeerdelik aangedui of heeltemal geïgnoreer.¹⁰ Dit wil voorkom of die gebruik van kommando's tydens die staking nie so 'n algemeen bekende feit in die militêre geskiedskrywing van Suid-Afrika is nie. Die werklike omstandighede gedurende die staking is ook nie baie duidelik in party geskiedkundige studies uiteengesit nie.¹¹

Seegers het byvoorbeeld in haar studie, *The military in the making of modern South Africa*,¹² wat in 1996 gepubliseer is, aandag aan die ontstaan en geskiedenis van die Unieverdedigingsmag en die latere Suid-Afrikaanse Weermag geskenk. Hoewel sy drie bladsye aan die 1914-staking wy, beweer sy verkeerdelik in haar studie dat die kommando's van die Aktiewe Burgermag nie tydens Januarie 1914 gebruik is om die staking te onderdruk nie.¹³ 'n Ander tekortkoming van die studie, wat handel oor die geskiedenis van die weermag in Suid-Afrika, is dat sy nie van die bronne van die Departement van Verdediging se Argief gebruik gemaak het nie.

Met betrekking tot die sosiaal militêre geskiedskrywing wat onder meer op die studie en impak van geslag fokus, het Swart op manlikheid in die konteks van

⁸ Sien by: C.W. de Kiewiet, *A history of South Africa: social and economic* (Oxford, 1957); I.L. Walker & B. Weinbren, *2000 casualties. A history of the trade unions and the labour movement in the Union of South Africa* (Johannesburg, 1961); F.J. Grobler, *Die invloed van geskoolde blanke arbeid op die Suid-Afrikaanse politiek van 1886-1924* (D.Litt.-proefskrif, Universiteit van Potchefstroom, 1968); L. Callinicos, *Working life, factories, townships and popular culture on the Rand, 1886-1940* (Cape Town, 1987).

⁹ Sien by: C.J. Jacobs, *Die rol van die Unieverdedigingsmag in die onderdrukking van die nywerheidsontluste van Januarie 1914* (1988). 'n Afskrif van die bron is beskikbaar by die biblioteek van die Departement van Verdediging se Dokumentasiesentrum (Weermag Argief) in Pretoria.

¹⁰ Sien o.m. die studies van S. Swart, 'A Boer and his gun and his wife are three things always together': republican masculinity and the 1914 Rebellion, *Journal of Southern African studies* (24)4, December 1998, pp. 737-751 en "Men of influence" – The ontology of leadership in the 1914 Boer Rebellion, *Journal of historical sociology* 17(1), March 2004, pp. 1-30; A. Seegers, *The military in the making of modern South Africa* (London, 1996), p. 26; B. Nasson, A Great Divide: Popular responses to the Great War in South Africa, *War and society* 12(1), May 1994, p. 53.

¹¹ Sien byvoorbeeld: B. Nasson, A Great Divide (1994), p. 53; I.L. Walker & B. Weinbren, *2000 casualties* (1961).

¹² A. Seegers, *The military in the making of modern South Africa* (1996).

¹³ A. Seegers, *The military in the making of modern South Africa* (1996), p. 26.

die kommando gekonsentreer. Haar verhandeling, *The Rebels of 1914: masculinity, republicanism and the social forces that shaped the Boer Rebellion*,¹⁴ wat in 1997 verskyn het, ontleed spesifiek die kommando's tydens die 1914-Rebellie ooreenkomstig manlikheid en geslag. Sy het ook 'n aantal artikels gepubliseer, waarin die voorheen verwaarloosde onderwerp behandel word.¹⁵ Swart beweer in haar artikels dat die kommandostelsel tydens die 1913-staking geheraktiveer is,¹⁶ terwyl daar van imperiale magte gebruik gemaak is om die industriële onrus van 1907 en 1913 te beheer.¹⁷ Ongelukkig het Swart, soos byvoorbeeld Hyslop en Krikler in hulle onderskeie werke wat oor stakings handel, ook nie van die ryk dokumentasie by die Argief van die Departement van Verdediging gebruik gemaak nie.¹⁸

Die 1914-staking en onderdrukking daarvan word meestal bloot terloops in die meeste sekondêre bronne vermeld. Die algemene geskiedeniswerke konsentreer hoofsaaklik op die groter politieke en geskiedkundige gebeure later in 1914. Die Afrikanerrebellie van 1914¹⁹ en die Eerste Wêreldoorlog²⁰ is geneig om die staking van Januarie 1914 te oorskadu. Selfs die 1913-staking is geneig om meer aandag te

¹⁴ S. Swart, *The Rebels of 1914: masculinity, republicanism and the social forces that shaped the Boer Rebellion* (M.A. dissertation, University of Natal, 1997).

¹⁵ Sien byvoorbeeld: S. Swart, 'A Boer and his gun and his wife are three things always together' (1998), pp. 737-751; S. Swart, 'You were men in war time': the manipulation of gender identity in war and peace, *Scientia Militaria* 28(2), December 1998; S. Swart, 'Desperate Men': the 1914 rebellion and the politics of poverty, *South African historical journal* vol. 42, May 2000, pp. 161-175 en "Men of influence" (2004), pp. 1-30.

¹⁶ S. Swart, 'A Boer and his gun and his wife are three things always together' (1998), p. 740; S. Swart, "Men of influence" (2004), p. 13.

¹⁷ K. L. Thorpe, *Early strikes on the Witwatersrand gold mines (1886-1907), with specific reference to the 1907 strike* (M.A. dissertation, University of Stellenbosch, 1986), pp. 229, 367; J. Krikler, *The Rand revolt. The 1922 insurrection and racial killing in South Africa* (Johannesburg, 2005), p. 37.

¹⁸ Hoewel die 1914-staking nie die bogemelde outeurs se hoofokus was nie, blyk dit tog dat hul onderskeie werke daarby sou gebaat het, indien hulle van die ryk dokumentasie van die Departement van Verdediging se Argief gebruik gemaak het. J. Hyslop, *The notorious syndicalist, J.T. Bain: a Scottish rebel in colonial South Africa* (2004); J. Krikler, *The Rand revolt* (2005).

¹⁹ H. Giliomee, *The Afrikaners, biography of a people* (2003), pp. 330, 379-384. Sien bv: S.B. Spies, *The Rebellion in South Africa, 1914-15* (M.A. dissertation, University of the Witwatersrand, 1962); J. Bottomly, *The Orange Free State and the Rebellion of 1914*, in R. Morrel (ed), *White but poor, essays on the history of the poor whites in Southern Africa, 1880-1940* (Pretoria, 1992); S. Swart, *The Rebels of 1914* (1997).

²⁰ H. Giliomee, *The Afrikaners, biography of a people* (2003), pp. 380, 382. Sien o.m.: L.W.F. Grundlingh, *Die Engelssprekende Suid-Afrikaners se reaksie op die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog* (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1977); A.M. Grundlingh, *Die Suid-Afrikaanse Gekleurdes en die Eerste Wêreldoorlog* (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1981); I. Uys, *Rollcall: the Dellville Wood Story* (Johannesburg, 1991); G. Genis, *Recruitment for 1 South African Infantry Brigade for Europe during the First World War* (M.A. dissertation, University of South Africa, 2000).

kry as dié van 1914.²¹ Relatief min werke in Suid-Afrikaanse konteks, skenk aandag aan temas wat handel oor die ervarings van soldate en hulle omstandighede tydens operasionele optredes. Die sosiale inslag met betrekking tot die geskiedskrywing van die kommandoede tydens die 1914-staking het dus ook agterweë gebly.

G. Tylden het 'n artikel geskryf oor die ontwikkeling van die kommandostelsel in Suid-Afrika, wat in 1959 in die tydskrif, *Afrikana notes and news*²² gepubliseer is. Dit het waardevolle inligting met betrekking tot die karakter van die kommandostelsel bevat. Tylden was een van die eerstes wat 'n tematiese indeling met betrekking tot die bestudering van die sosiale wese of karakter van die kommandostelsel in Suid-Afrika gemaak het. Hy het op onderwerpe soos wapens en ammunisie, uniforms, swart en bruin mense se diens in kommando's, die karakter en gedrag van die burger, voedsel en veevoer, asook ryperde, saals en toerusting gekonsentreer. Sy metodieke benadering is baie bruikbaar en word selfs as 'n model in ander studies oor kommando's asook in hierdie studie gebruik. Hy was dus een van die eerste geskiedskrywers in Suid-Afrika wat 'n sosiale benadering tot militêre geskiedskrywing gevolg het.

Redes vir deelname

Die redes waarom die gewone burgers met die 1914-staking aan die oproepinstruksie gehoor gegee het, is uiteenlopend en ingewikkeld en word nie in detail in die bestek van dié artikel bespreek nie. Een van die belangrike redes waarom baie van die Afrikaanssprekende burgers aan die oproep gehoor gegee het, was die wetlike verpligting wat op hulle gerus het. Hulle het ingevolge die regulasies van die nuwe Verdedigingswet nie werklik 'n keuse gehad nie.²³ Die Wet het bepaal dat elke manlike wit burger militêre diens moes verrig, indien die regering dit vereis het.²⁴ Volgens die Wet was dit 'n oortreding om diens te versuim en strawwe kon aan die skuldiges opgelê word.²⁵

Voorts sou wit armoede, 'n groeiende gees van nasionalisme, lojaliteit teenoor hulle voormalige Anglo-Boereoorlogleiers, Botha en Smuts, asook anti-imperialisme by die deelname van die gewone burger aan die onderdrukking van die staking 'n

²¹ Sien by: E. Katz, *A trade union aristocracy: a history of white workers in the Transvaal and the general strike of 1913* (Johannesburg, 1976); D. Yudleman, *The emergence of modern South Africa: state, capital and the incorporation of organized labor on the South African gold fields, 1902-1939* (London, 1983).

²² G. Tylden, The development of the commando system in South Africa, 1715 to 1922, *Afrikana notes and news* 13(8), December 1959, pp. 303-313.

²³ *Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika*, Wet no. 13 van 1912, Artikel 79, pp. 664-665.

²⁴ *Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika*, Wet no. 13 van 1912, pp. 624, 626.

²⁵ *Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika*, Wet no. 13 van 1912, pp. 674-683.

rol speel.²⁶ Kommandodiens was ook vir die burgers ’n uitdrukking van Afrikaneridentiteit.²⁷ Daar was ook diegene wat dit as ’n geleentheid beskou het om hulle op die “Engelse” te wreek, hoofsaaklik as gevolg van die bittere herinneringe aan die Anglo-Boereoorlog.²⁸ Die ironie was dat die Afrikaner wat die staking help onderdruk het, nou die Engelse kapitaliste gehelp het om beheer oor die werkers en nywerhede te kry, terwyl hulle in die Anglo-Boereoorlog aan opponerende kante was.²⁹

Ervaringe en omstandighede

Soos reeds genoem, word die gebruik van gewone burgers in kommando’s tydens die 1914-staking en die ervarings en omstandighede van die burgers tydens die operasionele optrede, wat gevolglik deel van ’n sosiale aanslag tot geskiedskrywing vorm, in die artikel ondersoek. Daar word hoofsaaklik op onderwerpe soos die uitreiking, beskikbaarheid en kommandering van voorrade vir gebruik deur die burger op kommando gekonsentreer. Die verskaffing van wapens en ammunisie en die gepaardgaande probleme word ondersoek, veral in die lig daarvan dat die Britte as gevolg van hul vrese vir verdere opstande, baie van die wapens na die Anglo-Boereoorlog vernietig het. Die tipe vervoermiddele wat deur die Unieverdedigingsmag tydens die onderdrukking van die staking en die gepaardgaande probleme gebruik is, asook nuwe tegnologiese ontwikkelings met betrekking tot vervoer word behandel. Die mate in hoeverre dissipline met ’n meer formele verdedigingstelsel wat baie Britse invloed ingesluit het, daar uitgesien het, asook die gebrek aan dissipline onder die burgers, word ook onder die loep geneem. Kortliks word ook gekonsentreer op die wyse en prosedures waarop kompensasie geskied het.

Tekorte met die bevoorrading van die kommando’s tydens die 1914-staking en verdragings met die beskikbaarstelling van uitrusting was ’n werklikheid. Baie van die kommandolede, veral op die platteland, is nie betyds met die nodige uniforms voorsien voordat hulle moes mobiliseer nie. Gevolglik moes hulle van hulle privaat

²⁶ H. Giliomee, *The Afrikaners, biography of a people* (2003), p. 330; K. Fedorowich, ‘*Sleeping with the lion?*: the loyal Afrikaner and the South African Rebellion of 1914-1915. Unpublished paper presented at the British World Conference, University of Cape Town, January 1992, p. 13; S. Swart, ‘Desperate men’: the 1914 rebellion and the politics of poverty (2000), pp. 161-162, 167; A. Grundlingh & S. Swart, *Radelose rebellie? Dinamika van die 1914-1915 Afrikanerrebellie* (Pretoria, 2009), pp. 23-41; R. Geyer, *Die eerste operasionele optrede van die Unieverdedigingsmag, Januarie 1914* (2009), pp. 69-75.

²⁷ J. Lambert, Britishness, South Africanism and the 1st World War in P.A. Buchner & R.D. Francis (eds), *Rediscovering the British world*, pp. 285-288.

²⁸ K. Fedorowich, ‘Sleeping with the lion?’ (1992), pp. 1-2; C.L. Grimbeek, *Die totstandkoming van die Unieverdedigingsmag* (1985), p. 330.

²⁹ NASA, GG 1919, 62/510: Strike 1914 – reports on progress and development of.

klere gebruik maak.³⁰ Dit was streng gesproke teen die uniformregulasies soos in die Verdedigingswet uiteengesit.³¹ Vir die ouer lede van die kommando's was dit nie 'n vreemde verskynsel nie, want hulle het in die verlede (soos gedurende die Anglo-Boereoorlog) nooit oor uniforms beskik nie.³² Die kontroversie oor die kakie-uniform van die Britse oorwinnaars wat deur die kommando lede gedra moes word, is nie tydens die 1914-staking op die spits gedryf nie.³³ Die feit dat die meeste burgers nie met uniforms uitgerus is nie, kon wel daartoe bygedra het dat daar nie juis ongelukkigheid oor die dra van kakie-uniforms tydens die staking was nie. Geen bewyse kon ook gevind word dat diegene wat wel uniforms tydens die staking ontvang en gedra het, ongelukkig daarvoor was nie. Die vertraging by die voorsiening van uniforms aan kommando lede het nogtans daartoe gelei dat baie van die burgers net beskik het oor die klere wat hulle aangehad het. Tydens mobilisasie het tyd ontbreek om klere te was en gevolglik het kommando lede se klere baie vuil en onwelriekend geword. Die probleme met die uitreiking van uniforms het dus in party gevalle tot swak higiëniese toestande gelei.³⁴ Dié leemtes het die Unieverdedigingsmag genoodsaak om aan die bevelvoerders magtiging te gee om klere en skoene vir absoluut noodsaaklike gevalle aan te koop.³⁵

Hoewel bevoorrading deur die jong Unieverdedigingsmag wel in party gevalle traag was en tekorte met die bekikbaarstelling van voorrade voorgekom het, was dit vir die gewone burger wat op kommando gegaan het nie 'n groot probleem of vreemd nie. Die meeste van die lede het reeds kommandodiens in die voormalige Boererepublieke verrig en was bekend met die reëlings dat elke lid vir homself met bevoorrading verantwoordelik was.³⁶ Die Unieverdedigingsmag het destyds nietemin nog baie groeipyne ondervind wat met die bevoorrading van 'n formele verdedigingsmag te bowe gekom moes word.

Kommandering tydens die 1914-staking was nie vir die burgers 'n vreemde konsep nie, want dit het deel van die kommandotradisie gevorm. Die meeste kommando lede het met kommandodiens in die voormalige Boererepublieke

³⁰ Departement van Verdediging Dokumentasiesentrum, Pretoria (hierna DvV DOK S), DC2, Houer 170, Lêer 7178B: Threatened Indus Crisis, 1914; DvV DOK S, DC2, Houer 174, Lêer 7454: Strike Act, No. 8 District Johannesburg.

³¹ *Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika*, Wet no. 13 van 1912, artikel 43, pp. 642-643.

³² G. Tylden, *The armed forces of South Africa*, (1954), pp. 219; F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Kaapstad, 1991), p. 82.

³³ A. Seegers, *The military in the making of modern South Africa* (1996), p. 21; C.L. Grimbeek, *Die totstandkoming van die Unieverdedigingsmag* (1985), pp. 178-183.

³⁴ DvV DOK S, DC2, Houer 171, Lêer 7178: Industrial crisis, 1914.

³⁵ J. Ploeger, *Hoofstukke uit die voor-en vroeë geskiedenis van die SAW* (1969), p. 78.

³⁶ G. Tylden, *The development of the commando system in South Africa* (1959), pp. 309-310.

asook gedurende die Anglo-Boereoorlog daarmee in aanraking gekom.³⁷ Die Verdedigingswet van 1912 het ook voorsiening vir die kommandering van voorrade gemaak.³⁸ Volgens die krygswetproklamasie van 14 Januarie 1914 het kommandering met die stakingsdiens die volgende behels:

Met betrekking tot kommandering is bepaal dat 'n offisier of 'n kontrolerende amptenaar deur middel van 'n skriftelike order en vir gebruik van die diensdoenende magte, of 'n gedeelte daarvan, vir enige doel wat vir die administrasie van die krygswet gebiedend is, kan kommandeer: Transportdiere en perde, voer, saals, tuie, voertuie of enige uitrusting daarvan; motorvoertuie en trapfiets, met toebehore; steenkool, vir huishoudelike of nywerheidsgebruik, of vir kragopwekking van 'n masjien; petrol, paraffien en olie; proviand en eetware; kos, drank en verversings, of enigiets anders wat vir die gebruik van die diensdoenende magte of vir genoemde doeleindes benodig is.³⁹

Die oproepinstruksies tydens die 1914-staking het bepaal dat elke kommandolid met mobilisasie sy eie geweer, indien hy oor een beskik het, saam met hom na die bymekaarkompunte moes neem. Dit was eweneens ook nie 'n vreemde opdrag vir die burgers nie, aangesien dit deel van die tradisionele handelswyse van die kommando's in die geskiedenis van Suid-Afrika was.⁴⁰ Die oproepinstruksies vir die kommando's wat uit die Witwatersrandomgewing afkomstig was, het vereis dat sowel onder-offisiere as burgers, as dit moontlik was, oor honderd rondtes ammunisie moes beskik. As enige probleme ontstaan het om ammunisie plaaslik te voorsien, moes die tekorte in hoeveelhede met telegramme aan die Verdedigingshoofkwartier gerapporteer word. Reëlins sou dan getref word om ammunisie uit te reik sodra die eenhede by hulle bestemmings gearriveer het.⁴¹

Tydens die 1914-staking het die Unieverdedigingsmag 'n tekort aan wapens en ammunisie ondervind en derhalwe moes ekstra wapens en ammunisie van die

³⁷ F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (1991), pp. 56, 83.

³⁸ *Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika*, Wet no. 13 van 1912, artikel 86, pp. 668-669; C.L. Grimbeek, *Die totstandkoming van die Unieverdedigingsmag* (1985), p. 99.

³⁹ J. Ploeger, *Hoofstukke uit die voor-en vroeë geskiedenis van die SAW* (1969), p. 74; *Buitengewone Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika*, No. 455, 1914-01-14, p. 251.

⁴⁰ G. Tylden, *The development of the commando system in South Africa* (1959), p. 307; F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (1991), p. 28; DvV DOK S, DC2, Houer 39, Lêer 765/10/10: IC, January 1914, District No. 12.

⁴¹ DvV DOK S, DC2, Houer 39, Lêer 765/10/11: IC, January 1914; DvV DOK S, DC2, Houer 39, Lêer DC765: Strike, Precautionary measures – general correspondence from Defence Headquarters etc., January 1914.

imperiale magte in Suid-Afrika geleen word.⁴² Daar was byvoorbeeld nie genoeg gewere in die Unie van Suid-Afrika beskikbaar nie en gevolglik moes die Suid-Afrikaanse regering met die Britse regering vir die verskaffing van gewere aan die Unieverdedigingsmag reël. Die goewerneur-generaal van Suid-Afrika, burggraaf H.J. Gladstone, het die bevelvoerende generaal van die imperiale magte in Suid-Afrika, luitenant-generaal sir Reginald C. Hart, skriftelike magtigting gegee om die gewere aan die Suid-Afrikaanse regering te leen. Altesaam nagenoeg 6 600 gewere is van die Britse militêre magte in Suid-Afrika bekom, wat 'n voorraad gewere beskikbaar gehou het as hulle dit in die Britse protektorate nodig sou hê.⁴³ Die kritiese tekort aan gewere in Suid-Afrika is daaraan toe te skryf dat die Boere se gewere tydens die Anglo-Boereoorlog deur die Britte gekonfiskeer en later vernietig is.⁴⁴ Reëlings is getref om 'n besending wapens en ammunisie van die destydse Robertshoogte (Roberts Heights)⁴⁵ af met ossewaens na die artilleriebarakke van die Unieverdedigingsmag te vervoer. Ongeveer vyfhonderd diensgewere, wat by die imperiale magte geleen is, is so vervoer.⁴⁶

Tydens die nywerheidstaking van Januarie 1914 het die Unieverdedigingsmag nie meer net perde, donkies, muile, ossewaens, treine en dienswaentjies, 'n soort spoorlose trem, as vervoermiddele gebruik nie, soos die kommando's in die Boererepublieke met die Anglo-Boereoorlog. Die jong Unieverdedigingsmag het indertyd, te danke aan die meer moderne tegnologie van die vroeë twintigste eeu, ook motorvoertuie gebruik om die vervoer van voorrade te verbeter en te versnel. Ossewaens was nogtans destyds nog steeds die goedkoopste vervoermiddel in die Unie van Suid-Afrika en juis daarom het die Unieverdedigingsmag meer ossewaens en dienswaentjies aangevra. Ossewaens is vir die vervoer van voorrade asook water na die kommando's gebruik. Die nadeel was dat die ossewa nie so vinnig soos die

⁴² DvV DOK S, DC2, Houer 147, Lêer DC5256: Strike on Rand – Rifles and bayonets on loan from Imperial authorities; NASA, SAP 9, 6/183/14/3: Threatened strike – Protection of coal mines, Witbank area, 3/1/14.

⁴³ C.J. Jacobs, *Die rol van die Unieverdedigingsmag in die onderdrukking van die nywerheidsontluste van Januarie 1914* (1988), p. 50; DvV DOK S, SA Cit Force, Houer 97, Lêer 7164B: Threatened Indus crisis; NASA, GG 1919, 62/502: Railway strike 1914. Asks for loan of rifles from reserve which is kept at the disposal of the High Commissioner; NASA, GG 1918, 62/498: Railway strike – outlines policy with regard to use of Imperial troops.

⁴⁴ DvVDOK S, SA Cit Force, Houer 59, Lêer 722: Arms stored at police barracks, Pretoria.

⁴⁵ Oorspronklik vernoem na “Lord” F.S. Roberts en later hervernoem na Voortrekkerhoogte. Dit is tans as Thaba Tshwane bekend. Sien D. Visser, British influence on military training and education in South Africa: the case of the South African Military Academy and its predecessors, *South African Historical Journal* 46, May 2002, p. 67.

⁴⁶ DvV DOK S, DC2, Houer 171, Lêer 7178: Threatened Industrial Crisis – 1914. Protection and storage of arms and ammunition.

motorvoertuig was nie en dit dus heelwat langer geduur het om voorrade by die bepaalde bestemmings te besorg. Voorts het dit ook 'n geruime tyd vir die osse geneem om te herstel nadat hulle lang afstande afgelê het. Hulle was ook aan siektes en beserings blootgestel.⁴⁷ Na Uniewording is 'n tekort ondervind aan muile, wat gewoonlik die dienswaentjies getrek het. Gevolglik sou die kommandoede nie so vervoer kon word tydens mobilisasie nie.⁴⁸

Hoewel vervoermiddele die nuwe tegnologie van die eerste helfte van die twintigste eeu ingesluit het, sou perde nog die betroubaarste en bekendste vervoermiddel van die kommandolid in Januarie 1914 wees. Volgens die bepalings en regulasies van die Verdedigingswet van 1912 was 'n burger wanneer hy hom as 'n berede persoon in die Aktiewe Burgermag geregistreer het, verplig om self vir 'n diensbare perd te sorg ingeval hy opgeroep sou word om militêre diens te verrig.⁴⁹ Die regulasies van die Verdedigingswet het verder bepaal dat lede van die Aktiewe Burgermag hulle perde as hulle *bona fide* eiendom moes registreer en dat hulle perde moes voldoen aan die voorgeskrewe geskiktheidsvereistes om diens te doen. Voorts moes hulle aansoek doen om hulle perde teen dood, siekte en verwonding op staatskoste en onder sekere voorwaardes te verseker.⁵⁰ Dit is te betwyfel of wel tydens die staking van 1914 aan laasgenoemde regulasie gehoor gegee is, aangesien so min van die burgers al amptelik in die kommando's ingeskryf was. Met die afkondiging van krygswet en die gepaardgaande mobilisasie van kommando's, het 'n groot aantal burgers nie oor perde beskik nie. In party gevalle het die Unieverdedigingsmag perde van privaat persone gehuur om te voorsien aan burgers wat nie oor perde beskik het nie. Die Unieverdedigingsmag het tydens die staking ook ekstra perde aangekoop en selfs gekommandeer as tekorte aan ryperde ondervind is. Na afloop van die staking moes die Departement van Verdediging kompensasie aan die eienaars van die opgekommandeerde perde uitbetaal.⁵¹ Gedurende die mobilisasieproses moes die Departement van Verdediging ook van spoorvervoer, soos in die Verdedigingswet

⁴⁷ DvV DOK S, DC2, Houer 172, Lêer 7229: Transport – Railway strike- 1914; DvV DOK S, DC2, Houer 174, Lêer 7451: Transport accounts Industrial crisis - 1914; DvV DOK S, SAMR, Houer 982, Lêer 330/4: OC's motor car allowances.

⁴⁸ DvV DOK S, SAMR, Houer 660: Lêer "Transport".

⁴⁹ *Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika*, Wet no. 13 van 1912, artikel 65, pp. 658-659; DvV DOK S, DC2, Houer 1436: Strike accounts 1914, Strike accounts No. 11 District, Bloemfontein.

⁵⁰ *Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika*, Wet no. 13 van 1912, artikel 66, pp. 658-659; DvV DOK S, DC2, Houer 174, Lêer 7454: Notes on strike accounts.

⁵¹ DvV DOK S, DC2, Houer 174, Lêer 7451: Transport accounts Industrial crisis - 1914; DvV DOK S, DC2, Houer 1436: Strike accounts No. 6 District, Standerton; DvV DOK S: SA Cit Force, Houer 88, Lêer 29/227, Commandeering horses during strike.

omskryf, gebruik maak om kommandoede wat nie oor perde beskik het nie na die bymekaarkompunte te vervoer.

Met die 1914-staking, anders as gedurende die Anglo-Boereoorlog, was daar beter veeartsenykundige versorging vir die perde.⁵² Die Unieverdedigingsmag het die Suid-Afrikaanse Veeartsenykundige Diens in 1913 goedgekeur en gevolglik kon die Verdedigingsmag tydens die staking van 1914 'n veeartsenydiens aan die kommandoede verskaf. Lede van die Veeartsenykorps is aan die Witwatersrand ontplooi om die eenhede te bedien.⁵³ Waar veeartsenydienste nie geredelik beskikbaar was nie, moes van privaat veeartsenydienste gebruik gemaak word om na siek en beseerde diere om te sien en perde te beslaan.⁵⁴ Met die staking van 1914 moes baie van die kommandoede op diens se perde beslaan word.⁵⁵ Dié perde is net beslaan as dit absoluut noodsaaklik was vir die uitvoering van kommandoede se pligte tydens die staking. Burgers se siek perde, wat hulle privaat eiendom was, se veeartsenykundige ondersoek en behandeling is deur die Departement van Verdediging betaal.⁵⁶ Nuwe veeartsenykundige ontdekkings het die toetsing vir perdesiektes, asook die voorkoming en behandeling van dié siektes, moontlik gemaak. Gevolglik is siek perde ook nie sommer voor die voet doodgeskiet nie en was dit koste-effektiewer vir die jong Unieverdedigingsmag en die burgers op kommando.⁵⁷

Soos dit dikwels die geval is wanneer gewone burgers wat nie oor formele militêre opleiding beskik het nie vir aktiewe diens opgeroep is, was die dissipline onder party kommandoede tydens die staking van 1914 nie altyd na wense nie. In die geskiedenis van die kommando's in Suid-Afrika was dissipline deurgaans 'n probleem.⁵⁸ Tydens die 1914-staking is verskeie skole deur die Unieverdedigingsmag as kampe aangewend. Van die skole is as gevolg van die kommando's se verblyf daarin beskadig en van die skoolkadette se ammunisie is gesteel. Ander eiendom wat as verblyf tydens die staking gebruik is, is ook beskadig.⁵⁹ In enkele gevalle

⁵² DvV DOK S, DC2, Houer 171, Lêer 7178: Threatened Industrial Crisis – 1914. Protection and storage of arms and ammunition.

⁵³ DvV DOK S, DC2, Houer 171, Lêer A163/7178: Telegram, Admin officer Johannesburg area – Secretary of Defence, 13 January 1914; C.J. Jacobs, *Die rol van die Unieverdedigingsmag in die onderdrukking van die nywerheidsnoluste van Januarie 1914*, (1988), p. 9; J. Ploeger, *Hoofstukke uit die voor- en vroeë geskiedenis van die SAW* (1969), p. 47.

⁵⁴ DvV DOK S, DC2, Houer 174, Lêer 7454: Strike accounts, No. 9 District Pretoria; DvV DOK S, DC 2, Lêer 174, Lêer 7454: Strike accounts, No. 8 District, Johannesburg.

⁵⁵ DvV DOK S, DC2, Houer 174, Lêer 7451: Transport accounts Industrial crisis - 1914.

⁵⁶ DvV DOK S, DC2, Houer 170, Lêer 7178: Threatened Industrial Crisis, 1914.

⁵⁷ DvV DOK S, DC2, Houer 147, Lêer 5270: Gladders, Mallein test for horses, etc.

⁵⁸ G. Tylden, *The development of the commando system in South Africa* (1959), p. 307; A. Seegers, *The military in the making of modern South Africa* (1996), p. 9.

⁵⁹ DvV DOK S, DC2, Houer 170, Lêer 7178: Threatened Indus Crisis, 1914.

het van die kommando gelede ongekontroleerde en onwettige skietoefeninge in die militêre kampe onderneem. Gevolglik is van die geboue in die naburige omgewing raakgeskiet. Na afloop van die staking het die Unieverdedigingsmag ondersoek na die voorvalle ingestel, maar kon nie vasstel wie die betrokke kommando gelede was wat vir die skietery verantwoordelik was nie.⁶⁰ Die gevolge met betrekking tot die aanwending van die kommando's gedurende die staking sou dus 'n invloed op alle vlakke van die destydse samelewing gehad het.

'n Groot aantal burgers het met die 1914-staking nie gereageer op die oproep om te mobiliseer nie.⁶¹ Na afloop van die staking moes die distrikstafoffisiere van die verskeie militêre distrikte 'n opname maak van die aantal lede wat nie opgedaag het toe hulle opgeroep is nie. Hulle moes ook 'n opname maak van die redes waarom die burgers nie aan die oproepinstruksie gehoor gegee het nie. Volgens die opnames van die distriksoffisiere het 'n klein aantal burgers in die onderskeie militêre distrikte summier geweier om diens te doen. So het assistent-veldkornet F. Beyers van militêre distrik nege (Pretoria) geweier om gehoor te gee aan die oproep om te mobiliseer. Hy het gevolglik afstand van sy rang gedoen en na sy huis teruggekeer. Dis onbekend waarom hy geweier het, maar daar is wel in Maart 1914 ingevolge die dissiplinêre kode van die Verdedigingswet teen hom opgetree. Hy is van drostery aangekla. In militêre distrik agt wat Boksburg, Johannesburg, Germiston en Krugersdorp in Transvaal ingesluit het, het die meeste gevalle (224) voorgekom van summiere weiering om diens te doen.⁶² Dit is waarskynlik persone wat gestaak het, wat nie gehoor aan die oproepinstruksie in hierdie gebiede gegee het nie. Die aanname kan dus gemaak word dat 'n aantal arm, wit Afrikanerwerkers, onder diegene in die stede was wat diens versuim het en eerder aan die staking self deelgeneem het.

Voorvalle is ook aangeteken waar verskeie lede van kommando's uit die Oranje-Vrystaat (OVS), veral in die Vredefort- en Heilbron-omgewing, geweier het om in Transvaal diens te doen. Volgens Grundlingh en Swart het baie van die Vrystaatse mense "... min affiniteit gehad vir generaal Botha as Transvaalse leier van oorsprong"⁶³ en was baie teen die Botha-regering gekant. Klaarblyklik het baie Vrystaatse burgers nie die regering vertrou nie, veral omdat die regering nie daarin kon slaag om die swak ekonomiese toestand te verlig nie, waarin baie burgers hulle bevind het.⁶⁴ Volgens Meintjes het van die nasionalistiese burgers van die Heilbronkommando

⁶⁰ DvV DOK S, DC2, Houer 39, Lêer 765/10/7: IC, District No. 7, January 1914.

⁶¹ DvV DOK S, SA Cit Force, Houer 59, Lêer 765.

⁶² DvV DOK S, SA Cit Force, Houer 59, Lêer 765/12/1: Prosecution of citizens who failed to comply with proclamation calling out forces.

⁶³ A. Grundlingh en S. Swart, *Radelose rebellie?* (2009), p. 34.

⁶⁴ A. Grundlingh en S. Swart, *Radelose rebellie?* (2009), pp. 34-35.

die oproepinstruksie van Botha met agterdog bejeën en was daar sprake van muitery onder kommandoledede.⁶⁵ Die stryd tussen die nasionalistiese burgers en die regerende party word dus deur hierdie optrede weerspieël. 'n Vrystaatse burger, ene Terblance, het byvoorbeeld geweier om oor die Vaalrivier te gaan om diens in Boksburg te doen. Volgens hom was hy 'n werkende man en sou hy nie op ander werkende mans skiet nie. Hy het sy geweer neergegooi en sy kommandant versoek om hom verlov toe te staan. Nadat sy versoek geweier is, het hy die kommando verlaat en na sy tuiste teruggekeer.⁶⁶ Dit blyk dus dat 'n moontlike rede vir die versuim om diens te doen, was dat van die burgers simpatie met die stakers se situasie gehad het.

Vergoeding en toelae

Anders as tydens die Anglo-Boereoorlog is lede van die kommando's wel na afloop van demobilisasie vir hulle diens met die onderdrukking van die 1914-staking vergoed. Die regering moes ook die koste dek van vervoer, voorrade en veevoer, mediese dienste, veeartsenydienste, perde wat beslaan moes word en gepaardgaande bykomstige uitgawes, soos die beskadiging van eiendom deur lede van die Unieverdedigingsmag en kompensasie vir perde van burgers wat gedurende die staking beseer is en gevrek het, asook betaling van die soldy vir die burgers op kommando. Lede van die Aktiewe Burgermag het gratis mediese behandeling in Transvaalse en Natalse hospitale ontvang, indien hulle sertifikate van hulle bevelvoerders kon toon dat hulle wel siek geword het of beseer is, terwyl hulle met die staking diens gedoen het. Distriksgeneeshere en nie private dokters nie, moes die kommandoledede behandel. Enige ander koste vir mediese behandeling moes betaal word.⁶⁷ Die regering moes in ooreenstemming met dienste wat aan die Unieverdedigingsmag en die regering gelewer is betaal vir hulpverlening rakende die voorkoming en onderdrukking van die interne onluste.⁶⁸

Met die aankoms van die kommando's aan die Witwatersrand is aan die kommandoledede 'n rantsoentoelae toegeken en alle range het ook 'n soldy per dag

⁶⁵ J. Meintjes, *General Louis Botha: a biography* (1970), p. 204.

⁶⁶ DvV DOK S, SA Cit Force, Houer 59, Lêer 765/12. Geen verdere inligting oor die voorval kon opgespoor word nie.

⁶⁷ DvV DOK S, DC2, Houer 175, Lêer 7524: Medical and hospital expenses of members of the Defence Force while on strike duty.

⁶⁸ DvV DOK S, DC2, Houer 39, Lêer 765/10/A: Acceptance of citizens for service in ACF Units during mobilization, January 1914, DvV DOK S, DC2, Houer 175, Lêer 7532: Legislative provision sanctioning pay ACF and Citizen Force Reserve during recent industrial crisis, January 1914; DvV DOK S, DC2, Houer 172, Lêer 7234, Pay and allowances. Citizen Forces employed on strike duty; NASA, SAP 130, S49: Defence Force Commandos: recognition of services.

ontvang.⁶⁹ Die algemene orders onder die bepalings van die krygswet aan die Aktiewe Burgermag sluit in dat elke kommando- en Aktiewe Burgermaglid daaglik die volgende dagbetaling sou ontvang.⁷⁰ Volgens dié bepalings het kommandante daaglik twintig sjielings ontvang en gewone burgers drie sjielings. 'n Veldkornet is twaalf sjielings en ses pennies vergoed en 'n assistent-veldkornet tien sjielings. Korporaals is vier sjielings en ses pennies betaal.⁷¹ Die burgers op kommando het 'n daaglikse rantsoentoeleae van een sjieling en ses pennies, asook 'n verdere een sjieling en ses pennies vir die aankoop van perdevoer ontvang,⁷² behalwe in gevalle waar rantsoene en voer deur die regering aan kommando's voorsien of as dit deur kommandering verkry is.⁷³ Offisiere het 'n daaglikse rantsoentoeleae van vyf sjielings ontvang.⁷⁴

Bogenoemde vergoedings en toelaes moes deur die betrokke afdelings betaal word wanneer die kommando's gedemobiliseer en na hulle tuistes teruggekeer het.⁷⁵ Daar was 'n aantal uitsonderlike gevalle waar kommandolede kontantvoorskotte tydens die staking van die Unieverdedigingsmag ontvang het, veral as hulle behoefte gesinne gehad het.⁷⁶ Die soldy en toelaes wat burgers ontvang het, is slegs deur die verantwoordelike distriksoffisiere uitbetaal nadat lede van die kommando's gedemobiliseer is en na hulle tuistes teruggekeer het. Range het kommandant, veldkornet, assistent-veldkornet, korporaal en burger ingesluit. Die burgers was met dié benaminge bekend.⁷⁷ Privaat skuld vir items wat deur die kommandolede met die staking aangegaan is en nie deur die Unieverdedigingsmag as noodsaaklik vir diens tydens die staking beskou is nie, moes self deur die betrokke lede vereffen word.⁷⁸

⁶⁹ DvV DOK S, DC2, Houer 39, Lêer 765/10/9: IC, District No 9, January 1914.

⁷⁰ *Staatskoerant van die Unie van SA*, 1914-01-14, Pretoria, no. 19, 1914.

⁷¹ DvV DOK S: DC2, Houer 168, Lêer 2/7164, Pay and allowances of Burgers on commando; DvV DOK S: SAMR, Houer 1084, Lêer 215/4/3, Strike 1914; NAB: SAP, Band 130, Lêer S49, Defence Force Commandos: recognition of services.

⁷² DvV DOK S: DC2, Houer 172, Lêer 7232, Martial Law: Strike 1914; NAB: SAP, Band 130, Lêer S49, Defence Force Commandos: recognition of services.

⁷³ NAB: SAP, Band 130, Lêer S49, Defence Force Commandos: recognition of services; J. Ploeger, Hoofstukke uit die voor-en vroeë geskiedenis van die SAW (1969), p. 78.

⁷⁴ DvV DOK S: DC2, Houer 174, Lêer 7451, Transport accounts, Industrial crisis – 1914.

⁷⁵ J. Ploeger, Hoofstukke uit die voor-en vroeë geskiedenis van die SAW (1969), p. 78.

⁷⁶ DvV DOK S, DC2, Houer 168, Lêer 2/7164: Pay and allowances of Burghers on commando; DvV DOK S, SAMR, Houer 1084, Lêer 215/4/3: Strike 1914.

⁷⁷ DvV DOK S, DC2, Houer 168, Lêer 2/7164: Pay and allowances of Burghers on commando; NASA, SAP 130, S49: Defence Force Commandos: recognition of services.

⁷⁸ DvV DOK S, DC2, Houer 142, Lêer 5109: Private debts of members of the Union Forces.

Samevatting

Dit blyk dus dat die omstandighede en ervaringe van die kommandoede wat tydens die 1914-staking ontplooi is, nie weselik van die omstandighede en ervaringe van die kommandoede van die voormalige Boererepublieke of selfs van die vroeë kommandostelsel van die Kaap verskil het nie. Slegs enkele verskille het voorgekom. Dié optrede van die Unieverdedigingsmag, en spesifiek die kommando's, het tussen twee baie belangrike mylpale in die Suid-Afrikaanse militêre geskiedenis plaasgevind, naamlik die Anglo-Boereoorlog en die Eerste Wêreldoorlog. Die gebruik van die kommando's tydens die 1914-staking sou ook die laaste keer wees dat die Boerekommandostelsel op 'n tradisionele wyse deur die Unieverdedigingsmag gebruik word.⁷⁹ Die Britse invloed op die Unieverdedigingsmag en skietverenigings sou met verloop van tyd toeneem en die Unieverdedigingsmag van 'n tradisionele Boerekommando-invloed ontnem.⁸⁰ Eers na die Nasionale Party se oorwinning in 1948 sou die toenmalige Minister van Verdediging, F.C. Erasmus, die grootskeeps Britse invloed op die Unieverdedigingsmag deur sy beleid van transformasie kenter.⁸¹ Hoewel die tradisionele kommandostelsel van die Afrikaner vlugtig met die 1914-staking in die Unieverdedigingsmag herleef het, was dit deel van 'n kwynende leefstyl en kultuur en sou dit deur die meer moderne militêre stelsels van die twintigste eeu vervang word. 'n Nuwe era in die militêre geskiedenis van Suid-Afrika het gevolglik aangebreek.

⁷⁹ Gedurende die Rebelle het die regering hoofsaaklik van Afrikaanssprekende Aktiewe Burgermagdele gebruik gemaak om die opstand te onderdruk. Hoewel kommando's van die Unieverdedigingsmag ook tydens die 1922-staking opgeroep is vir diens, was die Britse invloed reeds gevestig. Sien onder andere: H. Giliomee, *The Afrikaners, biography of a people* (2003), p. 382; J. Ploeger, Op Brandwag – Drie eeue militêre geskiedenis van Suid-Afrika, *Militaria* 1(4), 1969, pp. 28-29.

⁸⁰ C.L. Grimbeek, *Die totstandkoming van die Unieverdedigingsmag* (1985), p. 330.

⁸¹ D. Visser, British influence on military training and education in South Africa: the case of the South African Military Academy and its predecessors, *South African Historical Journal* 46, May 2002, pp. 74-76.